

*Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV)*

*Kurrikulum- en  
assesseringsbeleidsverklaring*



*Verdere Opvoeding en Opleidingsfase  
Graad 10-12*





**basic education**

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING**

**GRAAD 10-12**

**EKONOMIE**

**Departement van Basiese Onderwys**

Strubenstraat 222

Privaatsak X895

Pretoria 0001

Suid-Afrika

Tel: +27 12 357 3000

Faks: +27 12 323 0601

Pleinstraat 120 Privaatsak X9023

Kaapstad 8000

Suid-Afrika

Tel: +27 21 465 1701

Faks: +27 21 461 8110

Webtuiste: <http://www.education.gov.za>

© 2011 Departement van Basiese Onderwys

**ISBN: 978-1-4315-0603-3**

Ontwerp en uitleg deur: Ndabase Printing Solution

Gedruk deur: Staatsdrukkery

## VOORWOORD VAN DIE MINISTER



Die nasionale kurrikulum is die hoogtepunt van ons poging oor 'n tydperk van 17 jaar om die apartheidskurrikulum wat ons geërf het, te hervorm. Sedert die aanvang van demokrasie het ons gepoog om die kurrikulum op die waardes deur die Grondwet (Wet No. 108 van 1998) geïnspireer, te skoei. Die Aanhef van die Grondwet verklaar die doelstellings van die Grondwet soos volg:

- Die verdeeldheid van die verlede te heel en 'n samelewing gegrond op demokratiese waardes, maatskaplike geregtigheid en basiese menseregte te skep;
  - Die lewensgehalte van alle burgers te verhoog en die potensiaal van elke mens te onsluit;
  - Die grondslag te lê vir 'n demokratiese en oop samelewing waarin regering gebaseer is op die wil van die bevolking en elke burger gelyk deur die reg beskerm word; en
- 'n Verenigde demokratiese Suid-Afrika te bou wat sy regmatige plek as soewereine staat in die gemeenskap van nasies inneem.

Onderwys en die kurrikulum het 'n belangrike rol om in die verwesenliking van hierdie doelstellings te vervul.

Uitkomsgebaseerde onderwys, wat in 1997 ingestel is, was 'n poging om die verdeeldheid van die verlede te heel, maar die ondervinding van implementering het as aansporing vir 'n kurrikulumvernuwing in 2000 gedien. Dit het tot die eerste kurrikulumvernuwing, naamlik die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002)*, gelei.

Deurlopende implementeringsuitdagings het tot 'n volgende kurrikulumvernuwing in 2009 gelei, naamlik die hersiening van die *Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring (2002)* en die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12 (2002)* wat tot die ontwikkeling van hierdie dokument gelei het.

Sedert 2012 is die twee onderskeie nasionale kurrikulumverklarings, naamlik dié vir Graad R-9 en Graad 10-12 in 'n enkele dokument, wat voortaan slegs as die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*, bekend sal staan, geïntegreer. Hoewel die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* sy vertrekpunt in die vorige kurrikulum vind, het daar wel vernuwing ingetree wat ten doel het om groter duidelikheid oor dit wat op 'n kwartaal-tot-kwartaal-grondslag onderrig en geleer moet word, te verskaf.

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is 'n beleidsverklaring met betrekking tot onderrig en leer in Suid-Afrikaanse skole en is in die volgende dokumente vervat:

- (a) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir alle vakke in hierdie dokument opgeneem;
- (b) *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en
- (c) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*.

**MEV ANGIE MOTSHEKGA, LP**  
**MINISTER VAN BASIESE ONDERWYS**



# INHOUD

<b>AFDELING 1: INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING .....</b>	<b>3</b>
1.1 Agtergrond.....	3
1.2 Oorsig.....	3
1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum.....	4
1.4 Tydstoekening .....	6
1.4.1 Grondslagfase.....	6
1.4.2 Intermediêre Fase .....	6
1.4.3 Senior Fase.....	7
1.4.4 Graad 10–12 .....	7
<b>AFDELING 2: EKONOMIE .....</b>	<b>8</b>
2.1 Wat is ekonomie?.....	8
2.2 Die doelstellings van ekonomie.....	9
2.3 Tydstoekening vir Ekonomie in die kurrikulum .....	9
2.4 Vereistes om Ekonomie aan te bied as vak .....	9
<b>AFDELING 3: 'N OORSIG VAN ONDERWERPE PER KWARTAAL EN ONDERRIG-JAARPLAN.....</b>	<b>11</b>
3.1 Inleiding.....	11
3.2 Informele en daaglikse assessering.....	13
3.2.1 Opsomming van Graad 10 jaarlikse onderrigplan.....	13
3.2.2 Graad 10 Onderrig-jaarplan .....	14
3.2.3 Opsomming van Graad 11 Onderrig-jaarplan .....	23
3.2.4 Graad 11 Onderrig-jaarplan .....	24
3.2.5 Opsomming van Graad 12 Onderrig-jaarplan .....	31
3.2.6 Graad 12 Onderrig-jaarplan .....	32

<b>AFDELING 4: ASSESSERING IN EKONOMIE.....</b>	<b>39</b>
<b>4.1 Assessering in Ekonomie.....</b>	<b>39</b>
<b>4.2 Informele of daaglikse assessering.....</b>	<b>39</b>
<b>4.3 Formele Assessering .....</b>	<b>39</b>
<b>4.4 Assesseringsprogram (PAT) .....</b>	<b>41</b>
4.4.1 Ander vorms van assessering.....	41
4.4.2 Eksamens .....	43
<b>4.5 Rekordering en rapportering.....</b>	<b>44</b>
<b>4.6 Moderering van Assessering .....</b>	<b>45</b>
<b>4.7 Aanhangsel.....</b>	<b>46</b>
<b>4.8 Algemeen .....</b>	<b>47</b>

## AFDELING 1

### INLEIDING TOT DIE KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBELEIDSVERKLARING

#### 1.1 Agtergrond

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* bepaal beleid ten opsigte van kurrikulum en assesserings-aangeleenthede in die skoolsektor.

Ten einde die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring te verbeter, is dit aangepas en die aanpassings tree in Januarie 2012 in werking. 'n Enkele samevattende Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring is vir elke vak ontwikkel om die ou Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne in Graad R-12 te vervang.

#### 1.2 Oorsig

- (a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* is 'n beleidsverklaring vir leer en onderrig in Suid-Afrikaanse skole en bestaan uit die volgende dokumente:
- (i) Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings vir al die goedgekeurde vakke in hierdie dokument opgeneem;
  - (ii) *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en
  - (iii) *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12 (Januarie 2012)*.
- (b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)* vervang die huidige twee Nasionale Kurrikulumverklarings, naamlik:
- (i) *Nasionale beleid met betrekking tot Algemene Onderwysprogramme: Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole)*, gepromulgeer in *Staatskoerant No. 23406* van 31 Mei 2002; en
  - (ii) *Nasionale kurrikulumverklaring Graad 10-12 Staatskoerante, No. 25545* van 6 Oktober 2003 en *No. 27594* van 7 Mei 2005.
- (c) Die Nasionale Kurrikulumverklarings, soos vervat in *subparagrafe b(i)* en *(ii)*, wat uit die volgende beleidsdokumente bestaan, word jaarliks toenemend deur die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12 (Januarie 2012)*, gedurende die periode 2012 - 2014, herroep en vervang:
- (i) die Leerarea-/Vakverklarings, Leerprogramriglyne en Vakassesseringsriglyne vir Graad R-9 en Graad 10-12;
  - (ii) die beleidsdokument, *Nasionale beleid ten opsigte van assessering en kwalifikasies vir skole in die Algemene Onderwys- en Opleidingsfase*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing No. 124*, in *Staatskoerant No. 29626* van 12 Februarie 2007;
  - (iii) die beleidsdokument, die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR)*, gepromulgeer in *Staatskoerant No. 27819* van 20 Julie 2005;



- (iv) die beleidsdokument, 'n *Addendum tot die beleidsdokument*, die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot leerders met spesiale leerbehoefes*, gepromulgeer in *Staatskoerant*, No. 29466 van 11 Desember 2006, word geïnkorporeer in die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*; en
  - (v) die beleidsdokument, 'n *Addendum tot die beleidsdokument*, die *Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4* van die *Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) met betrekking tot die Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12*, gepromulgeer in *Goewermentskennisgewing*, No. 1267, in *Staatskoerant* No. 29467 van 11 Desember 2006.
- (d) Die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* en die afdelings oor die *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring* soos in Afdeling 2, 3 en 4 van hierdie dokument vervat, beslaan die norme en standaarde van die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad 10-12*. Die uitkomste en standaarde wat behoudens *artikel 6(A)* van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996)* bepaal is, sal die grondslag vorm vir die Minister van Basiese Onderwys om die minimum uitkomste en standaarde, sowel as die prosesse en prosedures vir die assessering van leerderprestasie wat van toepassing sal wees op openbare en onafhanklike skole, te bepaal.

### 1.3 Algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse Kurrikulum

- (a) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* vorm die grondslag van wat beskou kan word as die kennis, vaardighede en waardes wat noodsaaklik is om te leer. Dit sal verseker dat leerders kennis en vaardighede verwerf en toepas op maniere wat betekenisvol is vir hulle lewens. Hiervolgens bevorder die kurrikulum die idee van begronde kennis binne plaaslike, bekende kontekste en terselfdertyd toon dit sensitiwiteit ten opsigte van globale vereistes.
- (b) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* het die volgende doelwitte:
  - om leerders, ongeag hul sosio-ekonomiese agtergrond, ras, geslag, fisiese of intellektuele vermoë, toe te rus met die kennis, vaardighede en waardes wat nodig is vir selfvervulling en betekenisvolle deelname in die samelewing as burgers van 'n vrye land;
  - om toegang tot hoër onderwys te verskaf;
  - om die oorgang van leerders vanaf onderwysinstellings na die werkplek te fasiliteer; en
  - om aan werkgewers 'n voldoende profiel van 'n leerder se vermoëns te verskaf.
- (c) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* is op die volgende beginsels gebaseer:
  - *Sosiale transformasie*: Dit verseker dat onderwysongelykhede van die verlede aangepak word en dat gelyke onderwysgeleenthede aan alle sektore van die bevolking voorsien word;
  - *Aktiewe en kritiese leer*: Dit moedig 'n aktiewe en kritiese benadering tot leer aan eerder as om te leer sonder om te begryp, en niekritiese leer van gegewe waarhede;
  - *Hoë kennis en hoë vaardighede*: Dit is die minimum standaard vir die kennis en vaardighede wat in elke graad verwerf moet word, word gespesifiseer en stel hoë, bereikbare standaarde in alle vakke;

*Progressie:* Die inhoud en konteks van elke graad toon progressie van die eenvoudige tot die komplekse

- *Menseregte, inklusiwiteit, omgewings- en sosiale geregtigheid:* Die infasering van die beginsels en praktyke van sosiale en omgewingsgeregtigheid en menseregte soos dit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika omskryf word. Die *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R-12* is veral sensitief vir kwessies wat diversiteit weerspieël soos armoede, ongelukheid, ras, geslag, taal, ouderdom, gestremdhede en ander faktore;
  - *Waardering vir inheemse kennissisteme:* Om erkenning te gee aan die ryke geskiedenis en erfenisse van hierdie land as bydraende faktore om die waardes in die Grondwet te laat gedy; en
  - *Geloofwaardigheid, kwaliteit en doeltreffendheid:* Dit voorsien onderwys wat vergelykbaar is met internasionale standaarde in terme van kwaliteit, omvang en diepte.
- (d) Die *Nasionale Kurrikulumverklaring* Graad R-12 stel in die vooruitsig dat leerders die volgende kan doen:
- identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke;
  - werk doeltreffend saam met ander as lede van 'n span, groep, organisasie en gemeenskap;
  - organiseer en bestuur hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend;
  - versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities;
  - kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en / of taalvaardighede in verskillende vorme;
  - gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon; en
  - begryp die wêreld is 'n stel verwante stelsels waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.
- (e) Inklusiwiteit behoort 'n belangrike deel van organisering, beplanning en onderrig by elke skool te vorm. Dit kan alleenlik gebeur indien alle onderwysers deeglik begryp hoe om leerstruikelblokke te herken en aan te pak, asook hoe om vir diversiteit te beplan.

Die sleutel tot die goeie bestuur van inklusiwiteit is die versekering dat struikelblokke geïdentifiseer en aangespreek word deur al die ondersteuningsisteme binne die skoolgemeenskap, insluitend onderwysers, distriksondersteuningspanne, institusionele ondersteuningspanne, ouers en spesiale skole wat kan dien as hulpbronsentrums. Om die leerhindernisse in die klaskamer aan te spreek, behoort onderwysers verskeie kurrikulêre strategieë vir differensiering te gebruik soos uiteengesit in die Departement van Basiese Onderwys se *Riglyne vir Inklusiewe Onderrig en Leer (2010)*.

**1.4 Tydstoekening**

**1.4.1 Grondslagfase**

(a) Die onderrigtyd vir vakke in die Grondslagfase is soos in onderstaande tabel aangedui:

VAK	GRAAD (UUR)	GRAAD 1-2 (UUR)	GRAAD 3 (UUR)
Huistaal	10	8/7	8/7
Eerste Addisionele Taal		2/3	3/4
Wiskunde	7	7	7
Lewensvaardighede	6	6	7
• Aanvangskennis	(1)	(1)	(2)
• Skeppende Kunste	(2)	(2)	(2)
• Liggaamlike Opvoeding	(2)	(2)	(2)
• Persoonlike en Sosiale Welsyn	(1)	(1)	(1)
<b>TOTAAL</b>	<b>23</b>	<b>23</b>	<b>25</b>

(b) Onderrigtyd vir Graad R, 1 en 2 is 23 uur en Graad 3 is 25 uur.

(c) Onderrigtyd vir Tale in Graad R-2 is 10 uur en vir Graad 3 is 11 uur. 'n Maksimum tyd van 8 uur en 'n minimum tyd van 7 uur word aan Huistaal toegeken. Vir Addisionele Taal word 'n minimum tyd van 2 uur en 'n maksimum tyd van 3 uur vir Graad 1-2 toegeken. In Graad 3 word 'n maksimum van 8 uur en 'n minimum van 7 uur vir Huistaal toegeken. 'n Minimum van 3 uur en 'n maksimum van 4 uur word in Graad 3 vir Addisionele Taal toegelaat.

(d) In Lewensvaardighede is die onderrigtyd vir Aanvangskennis in Graad R-2 net 1 uur en in Graad 3 is dit 2 uur. (Die aantal ure word in die tabel tussen hakies aangetoon.)

**1.4.2 Intermediêre Fase**

(a) Die onderstaande tabel dui die vakke en onderrigtyd in die Intermediêre Fase aan:

VAK	UUR
Huistaal	6
Eerste Addisionele Taal	5
Wiskunde	6
Natuurwetenskappe en Tegnologie	3,5
Sosiale Wetenskappe	3
Lewensvaardighede	4
• Skeppende Kunste	(1,5)
• Liggaamlike Opvoeding	(1)
• Persoonlike en Sosiale Welsyn	(1,5)
<b>TOTAAL</b>	<b>27,5</b>

### 1.4.3 Senior Fase

(a) Die onderrigtyd in die Senior Fase is soos volg:

VAK	UUR
Huistaal	5
Eerste Addisionele Taal	4
Wiskunde	4,5
Natuurwetenskappe	3
Sosiale Wetenskappe	3
Tegnologie	2
Ekonomiese Bestuurswetenskappe	2
Lewensoriëntering	2
Skeppende Kunste	2
<b>TOTAAL</b>	<b>27,5</b>

### 1.4.4 Graad 10-12

(a) Die onderrigtyd in Graad 10-12 is soos volg:

VAK	TYDSTOEKENNING PER WEEK (UUR)
Huistaal	4,5
Eerste Addisionele Taal	4,5
Wiskunde	4,5
Lewensoriëntering	2
Enige drie keusevakke uit <b>Groep B (Bylaag B Tabel B1-B8)</b> van die beleidsdokument, <i>Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12</i> , onderhewig aan die voorbehoudsbepalings soos uiteengesit in <b>paragraaf 28</b> van die genoemde beleidsdokument.	12 (3 x 4 uur)
<b>TOTAAL</b>	<b>27,5</b>

Die toegekende 27,5 uur per week mag slegs gebruik word vir die minimum vereistes vir vakke genoem in die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* soos hierbo gespesifiseer, en mag dus nie gebruik word vir addisionele vakke gevoeg by die lys van minimum vakke nie. Indien 'n leerder addisionele vakke wil aanbied, moet voorsiening vir bykomende tyd vir die aanbieding van hierdie vakke gemaak word.

## AFDELING 2

### EKONOMIE

#### 2.1 Wat is Ekonomie?

Ekonomie is die studie van hoe individue, besighede, owerhede en ander organisasies binne ons gemeenskap kies om skaars hulpbronne te gebruik in die bevrediging van hul veelvuldige behoeftes en begeertes op 'n wyse wat doeltreffend, billik en volhoubaar is.

Die tabel hieronder dui die vier hoofonderwerpe en ooreenstemmende onderwerpe in die Ekonomie-kurrikulum aan.

Gewigstoekenning van Kurrikulum	Onderwerp
Makro-ekonomie (Gewigstoekenning 25%)	1. Ekonomie: basiese begrippe
	2. Basiese ekonomiese probleem
	3. Ekonomiese kringloop
	4. Kwantitatiewe elemente
	5. Ekonomiese stelsels
	6. Sakesiklusse
Mikro-ekonomie (Gewigstoekenning 25%)	7. Dinamika van markte
	8. Staatsinmenging en -samestelling van die RSA-ekonomie
Ekonomiese strewes (Gewigstoekenning 25%)	9. Ekonomiese groei en ontwikkeling
	10. Geld- en bankwese
	11. Bevolking en arbeidsmag
	12. Arbeidsmark
	13. Regstelling sedert 1994
Kontemporêre ekonomiese kwessies (Gewigstoekenning 25%)	14. Werkloosheid
	15. Arbeidsverhoudinge
	16. Globalisering
	17. Inflasie
	18. Toerisme
	19. Armoede
	20. Ander ekonomiese kwessies en kwantitatiewe elemente van Ekonomie

## 2.2 Die doelstellings van Ekonomie

### **Ekonomie-leerders sal in staat wees om:**

- hulpbronne doeltreffend te gebruik in die bevrediging van mededingende behoeftes en begeertes van individue en die gemeenskap
- die begrippe monetêre- en reële vloei in 'n oop ekonomie binne die grense van produksie, verbruik en ruil te verstaan;
- vaardighede te ontwikkel in die toepassing van vraag en aanbod, koste-voordeel analise en die verduideliking van pryse en produksievlakke;
- rekonstruksie, groei en ontwikkeling te verstaan, asook 'n kritiese benadering tot inisiatiewe tot 'n regverdigde verdeling van inkome en welvaart, menseregte en verantwoordelikhede te ontwikkel;
- 'n gevorderde Ekonomie-woordeskat op te bou wat hul in staat sal stel om noodsaaklike elemente van die vak te debateer en te kommunikeer;
- die beginsels wat die grondslag vorm van basiese ekonomiese prosesse en praktyke toe te pas op 'n verantwoordelike en toerekenbare wyse;
- 'n verskeidenheid metodes en strategieë te ondersoek om die dinamika van markte te analiseer en te verduidelik;
- produksie, verbruik en uitruil van data en ander inligting te versamel, analiseer en interpreteer met die oog op probleemoplossing en ingeligte besluitneming;
- menseregte-aangeleenthede te verstaan, die proses van welvaartskepping te oordink en betrokke te raak by armoede-verligting;
- die impak van plaaslike en internasionale instellings op die Suid-Afrikaanse ekonomie te analiseer en assessee; en
- ekonomiese gebeure te verduidelik en die gevolge te voorspel of moontlike verwagte toekomstige uitkomst te voorsien

## 2.3 Tydstoekening vir Ekonomie in die kurrikulum

Die onderrigtyd vir Ekonomie vir graad 10, 11 en 12 is 4 uur per week, per graad op die rooster.

## 2.4 Vereistes om Ekonomie aan te bied as vak

Hulpbronne om Ekonomie as vak aan te bied is die **verantwoordelikheid van die skool**.

1. Elke leerder behoort toegang te hê tot:
  - a. 'n handboek; en
  - b. skryfbehoeftes.
2. Die onderwyser behoort toegang te hê tot:
  - a. 'n verskeidenheid handboeke as bronverwysings

- b. Statistiek SA en SARB Kwartaalblad
- c. SA Jaarboek
- d. SAID-brosjure
- e. Wetgewing, byvoorbeeld die Wet op Arbeidsverhoudinge
- f. Besigheids-, finansiële en ekonomiese tydskrifte en koerante
- g. 'n Televisiestel (TV) en 'n radio
- h. Internet (dié met toegang tot internet)

## AFDELING 3

## 'N OORSIG VAN ONDERWERPE PER KWARTAAL EN ONDERRIG-JAARPLAN

## 3.1 'n Oorsig van onderwerpe per kwartaal

Graad 10	
Kwartaal	Onderwerp
1.	Inleiding tot die Ekonomie: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Basiese begrippe</li> <li>• Basiese ekonomiese probleem</li> <li>• Ekonomiese kringloop</li> <li>• Kwantitatiewe elemente: produksie en inkome</li> <li>• Sakesiklusse</li> </ul>
2.	Dinamika van markte Produksiemoontlikheidskurwe Staatsinmenging
3.	Ekonomiese groei, ontwikkeling en globalisering Suid-Afrikaanse ekonomiese groei en ontwikkeling – historiese konteks  Geskiedenis van geld- en bankwese Bevolking & arbeidsmag
4.	Ekonomiese kwessies van die dag: werkloosheid Arbeidsverhoudinge Ekonomiese regstelling
Graad 11	
Kwartaal	Onderwerp
1.	Produksiefaktore en hul vergoeding Ekonomiese goedere en dienste Ekonomiese stelsels Suid-Afrika se ekonomiese strukture
2.	Verhoudings tussen markte Effek van koste & inkomste op pryse en hoeveelhede Pryselastisiteit Ekonomiese groei
3.	Ekonomiese ontwikkeling Armoede Geld- & bankwese Ekonomiese groei en ontwikkeling: Suid-Afrika se rol en ekonomiese belangrikheid in Afrika
4.	Globalisering Omgewingsagteruitgang



Graad 12	
Kwartaal	Onderwerp
1.	Ekonomiese kringloop Sakesiklusse Openbare sektor Buitelandse valuta-markte
2.	Beskerming en Vryhandel Volmaakte markte Onvolmaakte markte Markmislukkings
3.	Groei & ontwikkeling Nywerheidsontwikkelingsbeleide Ekonomiese begrippe en sosiale prestasie-aanwysers Inflasie Toerisme Omgewingsvolhoubaarheid
4.	Hersiening en eksamenvoorbereiding

### 3.2 ONDERRIGPLANNE

#### 3.2.1 OPSOMMING VAN GRAAD 10-ONDERRIG-JAARPLAN

Kwartaal 1											
	Week 1	Week 2	Week 3	Week 4	Week 5	Week 6	Week 7	Week 8	Week 9	Week 10	
Onderwerp	Ekonomie: basiese begrippe		Basiese ekonomiese probleem		Ekonomiese kringloop & Kwantitatiewe elemente						Sakesiklusse
Assesering	Informele assesering		Formele assesering: Werksopdrag								Formele assesering: Toets 1
Kwartaal 2											
	Week 1	Week 2	Week 3	Week 4	Week 5	Week 6	Week 7	Week 8	Week 9	Week 10	
Onderwerp	Dinamika van markte		Produksieoontlikheidskurwe				Openbare sektor				Makro-ekonomie Mikro-ekonomie
Assesering	Informele assesering		Formele assesering: Projek								Halfjaar-eksamen
Kwartaal 3											
	Week 1	Week 2	Week 3	Week 4	Week 5	Week 6	Week 7	Week 8	Week 9	Week 10	
Onderwerp	Groei, ontwikkeling en Globalisering		Suid-Afrikaanse ekonomiese groei en ontwikkeling: 'n historiese oorsig				Die geskiedenis van geld- en bankwese		Bevolking & arbeidsmag		Hersiening Toets
Assesering	Informele assesering		Formele assesering: Gevallestudie								Formeel: Toets
Kwartaal 4											
	Week 1	Week 2	Week 3	Week 4	Week 5	Week 6	Week 7	Week 8	Week 9	Week 10	
Onderwerp	Werkloosheid		Arbeidsverhoudinge				SA se rekonstruksie/ Ekonomiese regstelling		Hersiening en konsolidasie		Makro-ekonomie, Mikro-ekonomie Ekonomiese strewes en Kontemporeë ekonomiese kwessies
Assesering	Informele assesering								Jaareindeksamen		

3.2.2 GRAAD 10 ONDERRIG-JAARPLAN

KWARTAAL 1

Week/Uur	Onderwerp	Inhoud	Aanbevole hulpbronne
2 weke (Week 1-2)	1. Ekonomie: Basiese begrippe	<p>Ekonomie, die metodes daarvan en binne die vakgebied, verwantskappe en verhoudings met ander wetenskappe.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Uiteensetting van Ekonomie:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Beskrywing en elemente</li> <li>- Vertakkings van Ekonomie</li> <li>- Benaderings van Ekonomie</li> </ul> </li> <li>• Die metodes van Ekonomie:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Positiewe en normatiewe stellings</li> <li>- Die Wetenskaplike metode</li> <li>- Probleme wat die sosiale wetenskappe ervaar</li> <li>- Die gebruik van modelle</li> </ul> </li> <li>• Die plasing van Ekonomie binne die vakgebied:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Rekeningkunde</li> <li>- Besigheidstudies</li> <li>- Handelsreg</li> <li>- Finansiële wiskunde</li> </ul> </li> </ul> <p>Ekonomie se verhouding met ander wetenskappe:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Statistiek</li> <li>- Wiskunde</li> <li>- Inligtingstegnologie</li> <li>- Die regte</li> <li>- Politiek</li> <li>- Sosiologie</li> <li>- Geografie</li> </ul>	<p>Vraelyste Werkkaart Koerante Rofwerkboek Internet Handboeke Voorbeeldvraestelle/toetse Tydskrifte Spotprente oor inflasie, betalingsbalans en werkloosheid Gevallestudies Publikasies, byvoorbeeld <i>SA Jaarboek</i></p>
2 weke (Week 3-4)	2. Basiese ekonomiese probleem	<p>Probleme rakende die basiese prosesse van produksie, verbruik en ruil wat alle ekonomieë probeer oplos, beklemtoon die bevordering of aantas van menseregte en die omgewing.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die skaarsheidsprobleem:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Absolute en relatiewe skaarste</li> <li>- Ekonomiese- en vrye goedere</li> <li>- Alternatiewes en keuses</li> <li>- Geleentheidskoste</li> </ul> </li> <li>• Die basiese prosesse:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Produksie</li> <li>- Ruil</li> <li>- Verbruik</li> </ul> </li> <li>• Bevordering of aantas van menseregte en die omgewing:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Menseregte</li> <li>- Die omgewing</li> </ul> </li> </ul>	<p>Handboeke Gevallestudies Koerante Spotprente oor skaarste Tydskrifte Internet Werkkaart Publikasies, byvoorbeeld <i>SA Jaarboek</i></p>

<p>4 weke (Week 5-8)</p>	<p><b>3.</b> Ekonomiese- kringloop &amp; kwantitatiewe elemente</p>	<p>Deelnemers, markte (produk- en faktormarkte), en monetêre- en reële vloei in 'n oop ekonomie.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die ekonomiese kringloop-diagram:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Die diagram</li> <li>- Die interaksies</li> </ul> </li> <li>• Die deelnemers:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Huishoudings/verbruikers</li> <li>- Besigheidsondernemings</li> <li>- Die openbare sektor</li> <li>- Die buitelandse sektor</li> </ul> </li> <li>• Markte – produk- en faktormarkte</li> <li>• Die vloei van die veranderlikes</li> <li>• Lekkasies en inspuitings</li> <li>• Aflei, definieer en beklemtoon die belangrikheid van die BBP en BNI:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- definisies</li> <li>- samestelling</li> <li>- belangrikheid</li> <li>- vergelyking</li> </ul> </li> </ul>	<p>Handboeke Verskillende diagramme Koerante Internet Spotprente</p>
<p>2 weke (Week 9-10)</p>	<p><b>4.</b> Sakesiklusse</p>	<p>Redes vir sakesiklusse: verduideliking en illustrasie van hul samestelling en let op hul impak op die ekonomies kwesbare, mense.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die verskynsel:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Aanwysers</li> <li>- Suid-Afrikaanse sakesiklusse</li> </ul> </li> <li>• Tydreeks en Samestelling:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Sikliese patrone</li> <li>- Meting van sakesiklusse</li> </ul> </li> <li>• Redes:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Eksogene redes</li> <li>- Endogene redes</li> </ul> </li> <li>• Gevolge:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Verandering in totale vraag en -aanbod</li> <li>- Verandering in ekonomiese groei</li> <li>- Verandering in Indiensneming</li> <li>- Verandering in prysvlakke</li> <li>- Verandering in wisselkoerse</li> <li>- Impak op ekonomies kwesbare mense</li> </ul> </li> </ul>	<p>Handboeke <i>SARB Kwartaalblad</i> Ekonomie-tydskrifte Internet TV nuusbuletins Koerantartikels Spotprente oor ekonomiese groei/afname, depressie, inflasie (onderwerpe verwant aan sakesiklusse)</p>

<p><b>Kwartaal 1: Formele assessering</b></p>		
<p><b>Vorm van assessering</b></p>	<p><b>Werkopdrag</b></p>	<p><b>Kontrole Toets 1 (1 uur)</b></p>
<p><b>Totale punte</b></p>	<p><b>50</b></p>	<p><b>100</b></p>
<p><b>Omgeskakel na %</b></p>		

Vir die doel van 'n kontroletoeis, is dit verpligtend om die totale inhoud van die kwartaal te dek.

**Daaglikse assessering is belangrik om onderrig en leer te monitor. Formele assessering vir Kwartaal 2:**

Onderwysers behoort 'n projek aan leerders gedurende die 1ste kwartaal te gee, sodat hulle met hul navorsing kan begin.

Dit sal aan die leerders voldoende tyd verskaf om die projek in Kwartaal 2 te voltooi. Die inhoud van die projek word gedek in die 2de Kwartaal.

## GRAAD 10

## KWARTAAL 2

Week/Uur	Onderwerp	Inhoud	Aanbevole hulpbronne
3 weke (Week 1-3)	1. Dinamika van markte	Die mark as 'n verskynsel (vraag en aanbod). Gebruik grafieke om die vasstelling van pryse en hoeveelhede te illustreer. <ul style="list-style-type: none"> <li>• Omskrywing</li> <li>• Waarde, prys en nut</li> <li>• Samestelling</li> <li>• Tipes markte:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Volmaakte markte</li> <li>- Onvolmaakte markte</li> <li>- Wêreldmarkte (die effek van elektronika)</li> </ul> </li> <li>• Pryse:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Vraag</li> <li>- Aanbod</li> <li>- Prysforming</li> </ul> </li> <li>• Funksies van markte:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Bring vraag en aanbod bymekaar</li> <li>- Toekenning van hulpbronne (allokasie)</li> <li>- Self-regulerend</li> </ul> </li> </ul>	Handboeke Grafiekpapier Plakkate oor die onderwerp Koerante Tydskrifte TV- en radio-nuusbulletins Publikasies, bv. SA <i>Jaarboek</i> Spotprente oor skaarste
3 weke (Week 4-6)	2. Produksie-moontlikheidskurwe	Beskrywing van die produksie-moontlikheidskurwe (reflekteer op doeltreffendheid), en verduidelik hoe dit keuse en skaarste versoen. Rasionaal: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die posisie van die produksie-moontlikheidskurwe:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Bepaal deur interne faktore</li> <li>- Bepaal deur eksterne faktore</li> </ul> </li> <li>• Maksimeer bevrediging uit beperkte hulpbronne deur gebruik te maak van indifferensiekurwes/onsydigheidskrommes:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Verbruik</li> <li>- Produksie</li> </ul> </li> <li>• Gevolge van ondoeltreffendheid</li> </ul>	Handboeke Grafieke Plakkate Tydskrifte Artikels in koerante Spotprente
2 weke (Week 7-8)	3. Openbare sektor	Die effek van die openbare sektor betrokkenheid en –inmenging in die mark (in terme van pryse en hoeveelhede) met behulp van grafieke. Metodes van betrokkenheid: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Indirekte belasting</li> <li>• Subsidies</li> <li>• Welsyn</li> <li>• Maksimum- en minimum pryse</li> <li>• Produksie</li> <li>• Minimumlone</li> </ul>	Begrotingstoespraak Handboeke Koerante Toepaslike Goewernments-publikasies, bv. Die Departement van Arbeid en Stats SA Spotprente oor die owerheid, belasting, pryse, produksie
2 weke (Week 9-10)	Hersienings-oefeninge en eksamen	Hersiening van alle onderwerpe gedek gedurende die eerste twee kwartale.	Handboek-oefeninge
<b>Halfjaar-eksamen</b>			

## GRAAD 10

## KWARTAAL 3

Week/Uur	Onderwerp	Inhoud	Aanbevole hulpbronne
3 weke (Week 1-3)	1. Groei, ontwikkeling en globalisering	<p>Benaderings tot ekonomiese ontwikkeling in historiese en vergelykende konteks – met spesifieke verwysing na Afrika, waar van toepassing.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Vroeë ekonomiese ontwikkeling en ontstaan van handel: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Selfonderhoudend en afhanklik van landbou</li> <li>- Ruil, handel en ontstaan van geld</li> <li>- Taal, vaardighede en leer</li> <li>- Welvaart, mag en versameling</li> </ul> </li> <li>• Opkoms van markte: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Surplusproduksie, handel en ontwikkeling van vervoer</li> <li>- Die groei van dorpe en stede</li> <li>- Spesialisasie van arbeid en ontstaan van gildes</li> <li>- Handelsreg en die ontwikkeling van besigheidsvorme</li> <li>- Tegnologiese ontwikkeling</li> <li>- Groei van geld en vorme van spaar</li> </ul> </li> <li>• Owerhede en die regulering van markte <ul style="list-style-type: none"> <li>- Staatsbetrokkenheid in die handel</li> <li>- Belasting en mobilisering van finansiering vir investering in infrastruktuur</li> <li>- Vergelykende ekonomiese stelsels</li> <li>- Publieke finansiering en die ontstaan van idees rakende ekonomiese beleid</li> </ul> </li> <li>• Nywerheidsontwikkeling: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Vervaardiging</li> <li>- Tegnologiese ontwikkeling, mobilisering van energie en meganisasie van produksie</li> <li>- Verstedeliking en migrasie</li> </ul> </li> <li>• Evolusie van ekonomiese instellings <ul style="list-style-type: none"> <li>- Maatskappye met beperkte aanspreeklikheid</li> <li>- Vakbonde</li> <li>- Finansiële instellings en die opkoms van gesamentlike aandeelhouding maatskappye</li> <li>- Globalisering en internasionale ekonomiese samewerking</li> </ul> </li> </ul>	<p>Handboeke</p> <p>Grafieke</p> <p>Plakkate</p> <p>Tydskrifte</p> <p>Koerante</p>

Week/Uur	Onderwerp	Inhoud	Aanbevole hulpbronne
3 weke (Week 4-6)	<b>2.</b> Suid-Afrikaanse ekonomiese ontwikkeling – 'n historiese oorsig	<p>Ondersoek en oorsig van ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika vanuit 'n historiese konteks; beklemtoon inheemse kennisstelsels en die impak van kolonialisme en imperialisme.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Veeteelt en landbou:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Kenmerke</li> <li>- Faktore wat ekonomiese ontwikkeling bevorder</li> <li>- Faktore wat ekonomiese ontwikkeling strem</li> <li>- Gevolge</li> </ul> </li> <li>• Landbou en Mynbou:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Kenmerke</li> <li>- Faktore wat ekonomiese ontwikkeling bevorder</li> <li>- Faktore wat ekonomiese ontwikkeling strem</li> <li>- Ekonomiese gevolge</li> </ul> </li> <li>• Mynbou en Nywerheid:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Kenmerke</li> <li>- Faktore wat bydra tot ekonomiese ontwikkeling</li> <li>- Faktore wat ekonomiese ontwikkeling strem</li> <li>- Gevolge</li> </ul> </li> <li>• Vervaardiging en dienste:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Kenmerke</li> <li>- Faktore wat bydra tot ekonomiese ontwikkeling</li> <li>- Faktore wat ekonomiese ontwikkeling strem</li> <li>- Gevolge</li> </ul> </li> </ul>	<p>Begrotingstoespraak</p> <p>Handboeke</p> <p>Koerante</p> <p>Toepaslike regerings-publikasies bv. deur die Departement van Arbeid en Stats SA</p>
2 weke (Week 7-8)	<b>3.</b> Die geskiedenis van geld- en bankwese	<p>'n Ondersoek en oorsig van die geskiedenis van geld- en bankwese in Suid-Afrika.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Geskiedenis van geld in Suid-Afrika:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Vroeë Afrikageld</li> <li>- Inheemse geld</li> <li>- Koloniale geld</li> <li>- Imperiale geld</li> <li>- Suid-Afrikaanse geld</li> </ul> </li> <li>• Geskiedenis van bankwese in Suid-Afrika:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Vroeë ontwikkeling</li> <li>- Private banke</li> <li>- Imperiale banke</li> <li>- Afnemende belangrikheid</li> <li>- Konsolidasie van die bankwese</li> </ul> </li> </ul>	<p>Handboeke</p> <p>Koerante</p> <p>Spotprente van geld, banke</p> <p>Ou munte</p> <p>Internet</p>

Week/Uur	Onderwerp	Inhoud	Aanbevole hulpbronne
----------	-----------	--------	----------------------

<p>2 weke (Week 9-10)</p>	<p><b>4.</b> Bevolking &amp; Arbeidsmag</p>	<p>Samestelling van die Suid-Afrikaanse bevolking en arbeidsmag; verduidelik die impak van faktore (soos MIV/Vigs) daarop.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die bevolkingsgrootte:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Bevolkingsgroei</li> <li>- Natuurlike groeikoers</li> <li>- Die demografiese siklus</li> <li>- Geprojekteerde groeikoerse</li> <li>- Migrasie</li> </ul> </li> <li>• Die Suid-Afrikaanse arbeidsmag:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Ouderdomsamestelling</li> <li>- Arbeidsmaggetalle</li> <li>- Werkloosheid</li> <li>- Indiensneming</li> <li>- Geografiese verspreiding</li> </ul> </li> </ul> <p>Nota: Inagneming van faktore wat 'n impak het op die bevolking en arbeidsmag se groei en samestelling, bv. MIV/Vigs.</p>	<p>Handboeke Koerante, bv. <i>Rapport</i> Tydskrifte bv. <i>Financial mail</i> TV en radio nuusbuletins  Publikasies, bv. SA <i>Jaarboek</i>, Internet Statistiek: die Departement van Arbeid en Stats SA</p>
-------------------------------	---	---	---

Kwartaal 3: Formele assessering		
Vorm van assessering	Gevallestudie	Kontrole Toets 2 (1 uur)
Totale punte	50	100
Omgeskakel na %		

**'n Toets behoort die inhoud wat gedurende die kwartaal behandel is, te dek.**



**GRAAD 10**

**KWARTAAL 4**

Week/Uur	Onderwerp	Inhoud	Aanbevole hulpbronne
2 weke (Week 1-2)	<b>1.</b> Ekonomiese kwessies van die dag: werkloosheid	<p>Werkloosheid en die verskillende benaderings tot die oplossing van die probleem. Neem ekonomies gemarginaliseerdes in aanmerking.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die aard van werkloosheid:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Getalle</li> <li>- Werkloosheidskoerse</li> <li>- Kenmerke van Suid-Afrika se werkloosheid</li> <li>- Oorsake van werkloosheid</li> <li>- Gevolge van werkloosheid</li> </ul> </li> <li>• Benaderings tot die oplos van werkloosheid:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Groei van produksie</li> <li>- Openbarewerke-programme</li> <li>- Werkloosheidsversekering</li> </ul> </li> <li>• Ekonomies-gemarginaliseerde groepe</li> </ul>	<p>Handboeke</p> <p>Spotprente</p> <p>Tydskrifte</p> <p>Koerante</p> <p>Plakkate</p>
2 weke (Week 3-4)	<b>2.</b> Arbeidsverhoudinge	<p>Arbeidsverhoudinge, oplos van dispute en dispuutmeganismes, ingeslote arbeidsregte en konvensies binne die konteks van die Suid-Afrikaanse arbeidsmark.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die arbeidsmag in 'n Suid-Afrikaanse konteks:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Vraag na arbeid</li> <li>- Aanbod van arbeid</li> <li>- Interaksie van vraag en aanbod</li> </ul> </li> <li>• Die oogmerke van die Wet op Arbeidsverhoudige:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Selfbestuur</li> <li>- Meerderhede</li> <li>- Konsultasie</li> </ul> </li> <li>• Arbeidsregte en konvensies:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Konvensies</li> <li>- Arbeidsregte</li> <li>- Arbeidsregte in Suid-Afrika</li> <li>- Die Wet op Arbeidsbetrekkinge</li> <li>- Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes</li> <li>- Die Wet op Vergoeding vir Beroepsbesering en siektes</li> </ul> </li> <li>• Die kollektiewe bedinging/dispuutbeslegtingsproses:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Vakbonde</li> <li>- Werkplekforums</li> <li>- Bedingingsrade</li> <li>- Kommissie vir Konsilliasie, Mediasie en Arbitrasie (KKMA)</li> </ul> </li> <li>• Arbeidshof                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Magte van die Arbeidshof</li> <li>- Verteenwoordiging voor die Arbeidshof</li> </ul> </li> </ul>	<p>Handboeke</p> <p>Tydskrifte</p> <p>Koerante</p> <p>TV-dekking oor stakings en regte</p> <p>Plakkate</p> <p>Internet</p> <p>Statistiek: Departement van Arbeid en Stats SA</p>

Week/Uur	Onderwerp	Inhoud	Aanbevole hulpbronne
<p>2 weke (Week 5-6)</p>	<p><b>3.</b> Ekonomiese regstelling</p>	<p>Die rekonstruksie van die Suid-Afrikaanse ekonomie na 1994 in 'n poging om die ongelykhede van die verlede te herstel.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Menslike hulpbronne:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Onderwys</li> <li>- Opleiding</li> <li>- Gelyke Indiensneming</li> </ul> </li> <li>• Natuurlike hulpbronne:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Grond</li> <li>- Minerale en energie</li> <li>- Visserye</li> <li>- Bosbou</li> </ul> </li> <li>• Kapitaal:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Kapitaal om besighede te bekom</li> <li>- Kapitaal om eiendom te bekom</li> <li>- Bedryfskapitaal behoeftes</li> </ul> </li> <li>• Entrepreneurskap:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Instellings wat entrepreneurskap bevorder</li> <li>- Staatsdepartemente</li> <li>- Formele onderrig</li> <li>- Die privaatsektor</li> <li>- SEB</li> </ul> </li> <li>• Demokratisering van ekonomiese prosesse:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Arbeidswetgewing</li> <li>- Openbare verhore</li> <li>- Nedlac (NEOAR)</li> <li>- Selfregulerende liggame</li> </ul> </li> <li>• Makro-ekonomiese aanpassings                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Ekonomiese prestasie</li> <li>- Indiensneming</li> <li>- Ongelykhede in inkomste</li> <li>- Armoede</li> <li>- Stabiliteit</li> </ul> </li> </ul>	<p>Handboeke</p> <p>Tydskrifte Koerante</p> <p>Spotprente oor bevolking, werkloosheid en migrasie</p> <p>Internet</p> <p>Statistiek: Die Departement van Arbeid en Stats SA</p>
<p>Moet by alle onderwerpe ingesluit word</p>	<p><b>4.</b> Ekonomiese kwessies van die dag</p>	<p>Ekonomiese kwessies van die dag – kwantitatiewe elemente van Ekonomie en ander noodsaaklikhede.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ekonomiese kwessies van die dag</li> <li>• Die kwantitatiewe elemente van Ekonomie:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Afleiding en toepassing van Wiskundige uitdrukkings</li> <li>- Koëffisiënte moet bereken en toegepas word</li> <li>- Interpreteer tabelle en grafieke</li> </ul> </li> <li>• Ander noodsaaklikhede:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Raak betrokke by burgerskap en noodsaaklike lewensvaardighede</li> </ul> </li> <li>• Deelname aan vakverwante kompetisies en ander praktiese aktiwiteite</li> </ul>	<p>Handboeke</p> <p>Tydskrifte</p> <p>Koerante</p> <p>Spotprente oor die bevolking, werkloosheid en migrasie</p> <p>Internet</p> <p>Statistiek: Departement van Arbeid en Stats SA</p>

<b>Week/Uur</b>	<b>Onderwerp</b>	<b>Inhoud</b>	<b>Aanbevole hulpbronne</b>
2 weke (Week 78)	Hersiening	Hersien alle onderwerpe ter voorbereiding van die finale eksamen.	
2 weke (Week 9-10)	<b>Jaareind-eksamen</b>		

<b>Kwartaal 4: Formele Assessering</b>		
<b>SGA-punt</b>	<b>Jaareind-eksamen</b>	<b>Totaal</b>
550	300	850
Omgeskakel na 100		400

## 3.2.3 OPSOMMING VAN GRAAD 11 ONDERRIG-JAARPLAN

Kwartaal 1											
	Week 1	Week 2	Week 3	Week 4	Week 5	Week 6	Week 7	Week 8	Week 9	Week 10	
Onderwerp	Bevolking en Arbeidsmag	Ekonomiese kringloop: Ekonomiese goedere & dienste			Ekonomiese stelsels: Gemengde ekonomie			Basiese ekonomiese probleme, Openbare sektor & Sakesiklusse: Ekonomiese Strukture			Hersiening Kontrole Toets 1
Assesering	Informele assesering										Formeel: Toets
Formele assesering: <b>Werkopdrag</b>											
Kwartaal 2											
	Week 1	Week 2	Week 3	Week 4	Week 5	Week 6	Week 7	Week 8	Week 9	Week 10	
Onderwerp	Dinamika van markte: markte		Dinamika van markte: Koste & Inkomste			Dinamika van markte: Pryselastisiteit		Ekonomiese groei en ontwikkeling		Hersiening	Makro-ekonomie en Mikro-ekonomie
Assesering	Informele assesering										Halfjaar-eksamen
Formele assesering: <b>Projek</b>											
Kwartaal 3											
	Week 1	Week 2	Week 3	Week 4	Week 5	Week 6	Week 7	Week 8	Week 9	Week 10	
2Onderwerp	Ekonomiese groei en ontwikkeling		Ekonomiese kwessies van die dag: Armoede		Geld- en Bankwese		Ekonomiese groei en ontwikkeling: Suid-Afrika se ekonomiese belangrikheid			Hersiening Kontrole Toets 2	
Assesering	Informele assesering										Formeel: Toets
Formele Assesering: <b>Gevallestudie</b>											
Kwartaal 4											
	Week 1	Week 2	Week 3	Week 4	Week 5	Week 6	Week 7	Week 8	Week 9	Week 10	
Onderwerp	Globalisering		Ekonomiese Regstelling: Omgewingsagteruitgang			Hersiening & Konsolidasie		Makro-ekonomie, Mikro-ekonomie, Ekonomiese Strewes, Kontemporêre Ekonomiese Kwessies			
Assesering	Informele assesering										Jaareind-eksamen

3.2.4 GRAAD 11 ONDERRIG-JAARPLAN ONDERRIGPLAN

KWARTAAL 1

Week/Uur	Onderwerp	Inhoud	Aanbevole hulpbronne
2 weke (Week 1-2)	1. Ekonomie 'n Basiese Konsep & Bevolking en arbeidsmag	<p>Beginsels, prosesse en praktyke in Ekonomie</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontleding van die produksiefaktore en hul vergoeding:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Kenmerke</li> <li>- Belangrikheid</li> <li>- Vergoeding</li> </ul> </li> <li>• Ondersoek die gemeenskapsdeelname aan plaaslike ekonomiese beplanning en aktiwiteite</li> <li>• Toeganklikheid van die ekonomies gemarginaliseerde groepe:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Bemagtiging</li> <li>- Bemiddeling</li> </ul> </li> </ul>	<p>Handboeke</p> <p>Tydskrifte</p> <p>Koerante</p> <p>Spotprente oor produksiefaktore</p> <p>Internet</p> <p>Statistiek: die Departement van Arbeid</p>
3 weke (Week 3-5)	2. Ekonomiese Kringloop & Kwantitatiewe Elemente: Ekonomiese Goedere en Dienste	<p>Ontleding van die gebruike van ekonomiese goedere en dienste in hul verhouding tot die Bruto Binnelandse Produk (BBP). BBP/BNI:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Finale verbruiksbesteding (C)</li> <li>• Verbruiksbesteding deur die Owerheid (G)</li> <li>• Bruto Vaste Kapitaalvorming (I):                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Definisie</li> <li>- Samestelling</li> <li>- Belangrikheid</li> </ul> </li> <li>• Die vernaamste groottotale:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Bruto Waarde Toegevoeg (BWT)</li> <li>- Bruto Nasionale Besteding (BNB)</li> <li>- Bruto Nasionale Inkome (BNI)</li> </ul> </li> </ul>	<p>Handboeke</p> <p>Tydskrifte</p> <p>Koerante</p> <p>Internet</p> <p>Statistiek: die Departement van Arbeid,</p> <p>Stats SA &amp; SARB</p>
2 weke (Week 6-7)	3. Ekonomiese stelsels: 'n Gemengde ekonomie	<p>Verduideliking van die kenmerke en grondslag van die Suid-Afrikaanse gemengde ekonomie, en die assessering van sy doeltreffendheid in terme van sosio-ekonomiese dienste.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Mark, sentrale beplanning en Suid-Afrika se gemengde ekonomie:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Ekonomiese kenmerke</li> <li>- Voordele</li> <li>- Nadele</li> </ul> </li> <li>• Doeltreffendheid in die lewering van sosio-ekonomiese dienste</li> </ul>	<p>Kwartaalblad</p> <p>Handboeke</p> <p>Tydskrifte</p> <p>Koerante</p> <p>TV-dekking oor stakings, marktdensense</p> <p>Plakkate</p> <p>Internet</p> <p>Statistiek: Departement van Arbeid</p>

<p>3 weke (Week 8-10)</p>	<p><b>4.</b> Basiese Ekonomiese probleem, Sakesiklusse &amp; Openbare sektor: Ekonomiese struktuur</p>	<p>Ontleding van die ekonomiese struktuur van Suid-Afrika.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Primêre, sekondêre en tersiêre sektore:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Samestelling</li> <li>- Belangrikheid</li> </ul> </li> <li>• Suid-Afrika se infrastruktuur:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Kommunikasie</li> <li>- Vervoer</li> <li>- Energie</li> <li>- Uitsluiting</li> </ul> </li> <li>• Nota: ingevoeg by die analise:             <ul style="list-style-type: none"> <li>- uitsluiting en diskriminasie in dienslewering en toegang tot ekonomiese geleenthede</li> </ul> </li> </ul>	<p>Handboeke Tydskrifte Koerante TV-dekking oor marktendense  Plakkate  Internet  Statistiek: Departement van Arbeid &amp; Stats SA</p>
-------------------------------	--	---	---

Kwartaal 1: Formele assessering		
Vorm van assessering	Werkopdrag	Kontrole Toets 1 (1 uur)
Totale punte	50	100
Omgeskakel na %		

*Vir die doel van 'n kwartaaltoets is dit verpligtend om die totale kwartaal-inhoud te dek.*

**Daaglikse assessering is belangrik in die monetering van onderrig en leer. Formele assessering vir Kwartaal 2**

*Onderwysers behoort 'n projek aan die leerders te gee in die 1ste kwartaal sodat hulle kan begin met hul navorsing. Dit sal aan die leerders genoegsame tyd verleen om die projek in die Tweede Kwartaal te voltooi.*

**Ekonomiese kwessies van die dag**

*Hierdie onderwerp behoort ingesluit te word by alle onderwerpe in die jaar.*

**GRAAD 11**

**KWARTAAL 2**

Week/Uur	Onderwerp	Inhoud	Aanbevole hulpbronne
2 weke (Week 1-2)	<b>1.</b> Dinamika van markte: Prys-elasticiteit	Verduidelik pryselastisiteite en berekening van hul waardes. Gebruik grafieke in die aanbieding ter illustrasie <ul style="list-style-type: none"> <li>• Grensnut</li> <li>• Pyselastisiteit van vraag</li> <li>• Pyselastisiteit van aanbod</li> <li>• Faktore wat die elasticiteit van vraag bepaal</li> <li>• Inkome elasticiteit van die vraag</li> <li>• Kruis elasticiteit van die vraag</li> </ul>	Handboeke Tydskrifte Koerante Plakkate Internet
2 weke (Week 3-4)	<b>2.</b> Dinamika van markte: Verwantskap tussen markte	Ontleding van die verwantskappe tussen markte. Beklemtoon met die hulp van grafieke. <ul style="list-style-type: none"> <li>• Relatiewe pryse</li> <li>• Vraag- en aanbodverhoudings:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Substitute</li> <li>- Komplementêre produkte en dienste</li> </ul> </li> <li>• Verhoudings tussen produkte en faktormarkte</li> <li>• Markstruktuur:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Volmaakte en onvolmaakte markte                                     <ul style="list-style-type: none"> <li>o vier basiese markstruktuur-modelle</li> <li>o kenmerke en verskille tussen die basiese markstruktuur-modelle</li> <li>o klassifikasie van die markstruktuur-modelle tot die volmaakte en onvolmaakte markte</li> </ul> </li> </ul> </li> </ul>	Handboeke Tydskrifte Koerante TV-dekking oor marktendense Plakkate Internet Statistiek: die Departement van Arbeid
2 weke (Week 5-6)	<b>3.</b> Dinamika van markte: Effek van koste & inkomste	Verduidelik en illustreer met behulp van grafieke die effek van koste en inkomste op pryse en produksievlakke. <ul style="list-style-type: none"> <li>• Oogmerke van besighede</li> <li>• Korttermynkoste:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Totaal, gemiddeld en marginaal</li> <li>- Kosteskedules</li> <li>- Kurwes</li> </ul> </li> <li>• Langkwartaalkoste:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Inkomsteberekeninge</li> <li>- Veranderinge in inkomste</li> <li>- Winste en verliese</li> <li>- Nota: toepassing van inkomste en koste-analise behoort die produksie en prys van faktore in te sluit</li> </ul> </li> </ul>	Handboeke Tydskrifte Koerante TV-dekking oor Gautrain Plakkate Internet Statistiek: die Departement van Arbeid & Stats SA

Week/Uur	Onderwerp	Inhoud	Aanbevole hulpbronne
2 weke (Week 7-8)	4. Ekonomiese groei en ontwikkeling: Ekonomiese groei	Die proses van welvaartskepping en distribusiepatrone <ul style="list-style-type: none"> <li>• Proses van welvaartskepping</li> <li>• Verspreiding:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Inkomste</li> <li>- Welvaart</li> <li>- Hoeveel ongelykheid? Die gebruike van die Gini-Koëffisiënt en die Lorenz-kurwe</li> </ul> </li> <li>• Metodes van herverdeling</li> <li>• Ekonomiese groei:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Betekenis en belangrikheid</li> <li>- Metodes</li> <li>- Beperkings op groei</li> <li>- Suid-Afrika se onlangse groei-ervarings</li> </ul> </li> <li>• Lewenstandaard</li> </ul>	Handboeke Tydskrifte Koerante TV-dekking oor rykdomskepping Plakkate Internet Statistiek: Stats SA Spotprente oor ekonomiese groei
2 weke (Week 9-10)	Hersiening	Makro- en Mikro-ekonomie	Handboeke Notas Vorige vrae, vraestelle en memorandumums Hersieningsoefeninge Klas- en kwartaaltoetse
<b>Halfjaar-eksamen</b>			

Kwartaal 2: Formele assessering		
Vorm van assessering	Projek	Halfjaar-eksamen (3 ure)
Punte	50	300
<b>Omgeskakel na %</b>		

**Let wel: Projek - Kwartaal 2:**

*Hierdie projek was gegee in Kwartaal 1. Leerders behoort die projek in Kwartaal 2 te voltooi en in te lewer. Die inhoud behandel in Kwartaal 1 en 2 behoort hersien te word vir die halfjaareksamen.*



**GRAAD 11**

**KWARTAAL 3**

Week/Uur	Onderwerp	Inhoud	Aanbevole hulpbronne
2 weke (Week 1-2)	<b>1.</b> Ekonomiese groei en ontwikkeling: Ekonomiese ontwikkeling	Ekonomiese ontwikkeling. <ul style="list-style-type: none"> <li>• Metodes van ontwikkeling</li> <li>• Gemeenskaplike kenmerke van ontwikkelende lande: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Lae lewenstandaard</li> <li>- Lae vlakke van produktiwiteit</li> <li>- Hoë bevolkingsgroei en afhanklikheidslas</li> <li>- Hoë werkloosheidsvlakke</li> <li>- Afhanklikheid van die primêre sektor</li> <li>- Gebrekkige infrastruktuur</li> </ul> </li> <li>• Ontwikkelingstrategieë</li> <li>• Suid-Afrika se pogings</li> <li>• Inheemse kennisstelsels</li> </ul>	Handboeke Tydskrifte Koerante TV-dekking oor groei en ontwikkeling Plakkate Internet Statistiek: die Departement van Arbeid & Stats SA
2 weke (Week 3-4)	<b>2.</b> Ekonomiese kwessies van die dag: Armoede	'n Ontleding en ondersoek van armoede. <ul style="list-style-type: none"> <li>• Armoede: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Absolute en relatiewe armoede</li> <li>- Meting van armoede</li> <li>- Oorsake van armoede</li> <li>- Die uitwerking van armoede</li> </ul> </li> <li>• Die Suid-Afrikaanse regering se maatreëls om armoede te verlig</li> </ul>	Handboeke Tydskrifte Koerante TV-dekking oor armoede Plakkate Internet Statistiek: Departement van Arbeid & Stats SA
2 weke (Week 5-6)	<b>3.</b> Geld- & bankwese	Die samestelling van Suid-Afrika se geld- en bankwese <ul style="list-style-type: none"> <li>• Geld: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Tegniiese funksies van geld</li> <li>- Moderne geld</li> <li>- Geld-geassosieerde instrumente</li> <li>- Die monetêre stelsel</li> <li>- Die waarde van geld</li> <li>- Stabiliseer die waarde van geld</li> </ul> </li> <li>• Bankwese: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Die basiese beginsels van kredietskepping</li> <li>- Rentekoerse</li> </ul> </li> <li>• Mikro-leningsaktiwiteite</li> <li>• Sentrale banke <ul style="list-style-type: none"> <li>- Basiese funksies</li> <li>- Monetêre beleid</li> </ul> </li> <li>• Bankmislukkings en gevolge</li> </ul>	Handboeke Tydskrifte Koerante TV-dekking oor geld- en bankwese Plakkate Internet Statistiek: die Departement van Arbeid & Stats SA

Week/Uur	Onderwerp	Inhoud	Aanbevole hulpbronne
2 weke (Week 7-8)	4. Ekonomiese groei en ontwikkeling: <i>Suid-Afrika se ekonomiese belangrikheid in Afrika.</i>	Suid-Afrika se rol en relatiewe ekonomiese belangrikheid in Afrika. Afrika se ekonomiese afbakenings, bv. AU en SAOG. <ul style="list-style-type: none"> <li>• Vergelykings rakende ekonomiese aanwysers: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Bevolking</li> <li>- Infrastruktuur</li> <li>- Produksie</li> <li>- Verbruik, Armoede en Rykdom</li> <li>- Owerheidsfinansies</li> <li>- Buitelandse handel</li> <li>- Ekonomiese vryheid en mededingendheid</li> </ul> </li> <li>• Vergelyking rakende sosiale aanwysers: <ul style="list-style-type: none"> <li>- Armoede en rykdom</li> <li>- Inkomsteverdeling</li> <li>- Verstedeliking</li> <li>- Gesondheid en MIV/Vigs</li> <li>- Onderwys</li> <li>- Die gemarginaliseerdes</li> </ul> </li> <li>• Ekonomiese integrasie en samewerking: <ul style="list-style-type: none"> <li>- SADU</li> <li>- SAOG</li> <li>- NEPAD</li> </ul> </li> </ul>	Handboeke Tydskrifte Koerante TV-dekking oor Suid-Afrika se rol in Afrika: AU en SAOG Plakkate Internet Statistiek: die Departement van Arbeid & Stats SA Spotprente oor bv. AU & SAOG
2 weke (Week 9-10)	Hersienings-oefeninge	Hersiening van die kwartaal se werk	

Kwartaal 3: Formele assessering		
Vorm van assessering	Gevallestudie	Gekontroleerde Toets (1 uur)
<b>Totale punte</b>	<b>50</b>	<b>100</b>
<b>Omgeskakel na %</b>		

*'n Toets behoort die inhoud wat gedurende die kwartaal behandel is, te dek.*

**GRAAD 11**

**KWARTAAL 4**

Week/Uur	Onderwerp	Inhoud	Aanbevole hulpbronne
2 weke (Week 1-2)	<b>1.</b> Globalisering	Onderzoek en debattering van globalisering, die relevantheid tot die Noord/Suid-verdeling, en die effek (negatief of positief) op Suid-Afrika. <ul style="list-style-type: none"> <li>• Betekenis</li> <li>• Oorsake</li> <li>• Gevolge</li> <li>• Absolute en vergelykende voordele en nadele</li> <li>• Noord/Suid-verdeling</li> </ul>	Handboeke Tydskrifte Koerante TV-dekking oor globalisering Plakkate Internet Statistiek: die Departement van Arbeid & Stats SA
2 weke (Week 3-4)	<b>2.</b> Ekonomiese Regstelling: Omgewings-agteruitgang	Die omgewing: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die probleem</li> <li>• Beskerming van die omgewing</li> <li>• Benaderings tot volhoubaarheid</li> <li>• Die wêreldwye en plaaslike impak op Suid-Afrika</li> </ul>	Handboeke Tydskrifte Koerante TV-dekking oor die omgewing Plakkate Internet Statistiek: Stats SA Spotprente oor die omgewing
Behoort ingesluit te word in alle onderwerpe	<b>3.</b> Ekonomiese kwessies van die dag, kwantitatiewe elemente en ander noodsaaklikhede	Identifikasie, betrokkenheid by en kommunikasie van: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die ekonomiese kwessies van die dag</li> <li>• Die kwantitatiewe elemente van Ekonomie:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Aflei en toepas van wiskundige uitdrukkings</li> <li>- Bereken en toepas van koëffisiënte</li> <li>- Interpreteer tabelle en grafieke</li> </ul> </li> <li>• Ander noodsaaklikhede:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Betrokkenheid by burgerskap en lewensvaardighede</li> <li>- Deelname aan vakverwante kompetisies en ander praktiese aktiwiteite</li> </ul> </li> </ul>	Handboeke Tydskrifte Koerante Spotprente oor ekonomiese kwessies van die dag Internet Statistiek: die Departement van Arbeid & Stats SA
2 weke (Week 5-6)	Hersiening	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Makro-ekonomie</li> <li>• Mikro-ekonomie</li> <li>• Ekonomiese strewes</li> <li>• Kontemporêre ekonomiese kwessies</li> </ul>	Handboeke
4 weke (Week 7-10)	Jaareind-eksamen		

Kwartaal 4		
SGA-punt	Jaareind-eksamen	Totaal
650	300	950
<b>Omgereken tot 100</b>		<b>400</b>

*Omgeskakelde punte vir Kwartaale 1, 2 en 3 is gelykstaande aan 'n jaarpunt van 100 (25% van die totale punte). Voeg die jaarpunt by die omgeskakelde eksamenpunt van 300 (75% van die totale punte) wat dan gelykstaande is aan 400 punte.*

3.2.5 OPSOMMING VAN GRAAD 12 SE ONDERRIG-JAARPLAN

Kwartaal 1											
Week 1	Week 2	Week 3	Week 4	Week 5	Week 6	Week 7	Week 8	Week 9	Week 10		
Onderwerp	Ekonomiese kringloop	Sakesiklusse			Openbare sektor		Ekonomiese groei			Toets	
Assesering	Informele assesering	Formele Assesering: Werksopdrag									Formele assesering: Toets
Kwartaal 2											
Onderwerp	Ekonomiese stelsels: Beskerming & Vryhandel	Dinamika van markte: Volmaakte markte	Week 4	Week 5	Week 6	Week 7	Week 8	Week 9	Week 10		
Assesering	Informele assesering	Formele assesering: Projek									Halfjaar-eksamen
Kwartaal 3											
Onderwerp	Groei & Ontwikkeling	Groei & Ontwikkeling: Nywerheids-ontwikkeling	Week 3	Week 4	Week 5	Week 6	Week 7	Week 8	Week 9	Week 10	
Assesering	Informele assesering	Formele assesering: Gevallestudie en Toets									Voorbereidende eksamen
Kwartaal 4											
Onderwerp	Week 1	Week 2	Week 3	Week 4	Week 5	Week 6	Week 7	Week 8	Week 9	Week 10	
Assesering	Formele Assesering: Hersiening en Konsolidasie van: Makro-ekonomie, Mikro-ekonomie, Ekonomiese Strewes en Kontemporêre Ekonomiese Kwessies										
Formele Assesering: Jaareind-eksamen											

3.2.6 GRAAD 12 ONDERRIG-JAARPLAN

KWARTAAL 1

Week/Uur	Onderwerp	Inhoud	Aanbevole hulpbronne
2 weke (Week 1-2)	1. Ekonomiese Kringloop	<p>Aanbieding van die ekonomiese kringloopmodel as 'n makro-ekonomiese model: afleiding en analise van nasionale rekening-groottotale; afleiding en toepassing van die vermenigvuldiger.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die ekonomiese kringloopmodel in 'n oop ekonomie</li> <li>• Die markte</li> <li>• Nasionale rekening-groottotale en omskakelings</li> <li>• Die vermenigvuldiger:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Definisie van die vermenigvuldiger-effek</li> <li>- Verduideliking van die vermenigvuldiger-proses met die hulp van 'n ekonomiese kringloop en voorbeelde</li> </ul> </li> </ul>	<p>Handboeke</p> <p>Spotprente oor ekonomiese kringloop</p> <p>Tydskrifte</p> <p>Koerante</p> <p>Plakkate</p>
2 weke (Week 3-4)	2. Sakesiklusse	<p>Ontleding en verduideliking van sakesiklusse en hoe dit gebruik word in vooruitskatting.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die samestelling en kenmerke van sakesiklusse</li> <li>• Verduidelikings</li> <li>• Owerheidsbeleid</li> <li>• Die nuwe ekonomiese paradigma (effening of gladstryking van siklusse)</li> <li>• Kenmerke onderliggend aan vooruitskatting rakende sakesiklusse</li> </ul>	<p>Handboeke</p> <p>Tydskrifte</p> <p>Koerante</p> <p>TV-dekking oor elemente soos nuwe motorverkope</p> <p>Plakkate</p> <p>Internet</p> <p>Statistiek: <i>SARB Kwartaalblad &amp; Stats SA</i></p>
3 weke (Week 5-7)	3. Openbare sektor	<p>Evaluering van die rol van die openbare sektor in die ekonomie met spesiale verwysing na sy sosio-ekonomiese verantwoordelikheid 'n in Suid-Afrikaanse konteks</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die samestelling en noodsaaklikheid van die openbare sektor</li> <li>• Probleme van openbare sektor-voorsiening</li> <li>• Doelwitte van die openbare sektor en begrotings</li> <li>• Fiskale beleid (ingesluit die Laffer-kurwe)</li> <li>• Redes vir openbare sektor-mislukking</li> </ul> <p>Waar toepaslik, is die volgende ingevoeg: nasionale makro-ekonomiese beleid en dienslewering met betrekking tot sosio-ekonomiese regte, onderwys, gesondheid, omgewing en bestaansekerheid, konvensie van kinderregte, belasting en vergoeding van mensregte-vergrype.</p>	<p>Handboeke</p> <p>Tydskrifte</p> <p>Koerante</p> <p>Spotprente oor openbare sektor-betrokkenheid</p> <p>Internet</p> <p><i>Stats SA &amp; SARB Kwartaalblad</i></p>
3 weke (Week 8-10)	4. Ekonomiese groei en ontwikkeling: Buitelandse valutamark (Globalisering)	<p>Ondersoek die buitelandse valutamark, die ontstaan van wisselkoerse, en hoe die betalingsbalans beïnvloed word.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die vernaamste redes vir internasionale handel</li> <li>• Die betalingsbalans</li> <li>• Buitelandse valutamarkte</li> <li>• Die totstandkoming van buitelandse wisselkoerse</li> <li>• Regstelling van betalingsbalans-surplus en tekort onewewigtigheid (disekwilibria)</li> </ul>	<p>Handboeke</p> <p>Tydskrifte</p> <p>Koerante</p> <p>Nuusbulletins oor die nuutste wisselkoerse</p> <p>Internet</p> <p><i>Stats SA &amp; SARB Kwartaalblad</i></p>

<b>Kwartaal 1: Formele assessering</b>		
<b>Vorm van assessering</b>	<b>Werkopdrag</b>	<b>Kontrole Toets (1 uur)</b>
<b>Totale punte</b>	<b>50</b>	<b>100</b>
<b>Omgeskakel tot %</b>		

*Leerders moet in staat wees om vrae rakende probleemoplossing te beantwoord deur van kritiese en kreatiewe denke gebruik te maak. Dit sluit die oplos van werklike lewensprobleme in binne die konteks van die Ekonomie-kurrikulum. Data-respons, gevallestudies en opstel skryf/verslag lewer is baie belangrik.*

**Daaglikse assessering is belangrik om onderrig en leer te monitor.**

*'n Projek moet aan leerders aan die einde van Kwartaal 1 gegee word wat ingelewer moet word in Kwartaal 2.*

**GRAAD 12**

**KWARTAAL 2**

Week/Uur	Onderwerp	Inhoud	Aanbevole hulpbronne
2 weke (Week 1-2)	<b>1.</b> Ekonomiese stelsels: Beskerming en Vryhandel (Globalisering)	Bespreking van beskerming en vryhandel; 'n evaluering van Suid-Afrika se internasionale handelsbeleide en vernaamste protokolle in terme hiervan. <ul style="list-style-type: none"> <li>• Uitvoerbevordering</li> <li>• Invoervervanging</li> <li>• Beskerming (die argumente)</li> <li>• Vryhandel (die argumente)</li> <li>• 'n Gewenste mengsel</li> <li>• Evaluering</li> </ul>	Handboeke Spotprente oor beskerming Tydskrifte Plakkate Internet
2 weke (Week 3-4)	<b>2.</b> Dinamika van markte: Volmaakte Markte	Ondersoek die dinamika van volmaakte markte met die hulp van koste- en inkomstekurwes <ul style="list-style-type: none"> <li>• Volmaakte kompetisie</li> <li>• Die individuele besigheid en die nywerheid</li> <li>• Markstruktuur</li> <li>• Produksie-uitset</li> <li>• Winste</li> <li>• Verliese en aanbod</li> <li>• Kompetisiebeleide</li> </ul>	Handboeke Tydskrifte Koerante TV-dekking oor neigings op markte Plakkate Internet Statistiek: die Departement van Arbeid, <i>Stats SA &amp; SARB Kwartaalblad</i>
2 weke (Week 5-6)	<b>3.</b> Dinamika van markte: Onvolmaakte Markte	Ondersoek die dinamika van onvolmaakte markte met die hulp van koste- en inkomstekurwes. <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die dinamika van onvolmaakte markte met die hulp van koste- en inkomstekurwes</li> <li>• Monopolieë</li> <li>• Oligopolieë</li> <li>• Monopolistiese mededinging</li> </ul>	Handboeke Tydskrifte Koerante Spotprente oor Eskom, Bill Gates. Internet Statistiek: die Departement van Arbeid & Stats SA
1 week (Week 7)	<b>4.</b> Dinamika van markte: markmislukkings	Verduideliking van die redes vir en gevolge van markmislukking. Reflekteer op koste-voordeelanalise: <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die oorsake van markmislukkings</li> <li>• Die gevolge van markmislukkings</li> <li>• Koste-voordeelanalise</li> </ul>	Handboeke Tydskrifte Koerante Spotprente oor markmislukking Internet Statistiek: Departement van Arbeid & Stats SA
1 week (Week 8)	Hersienings-oefeninge	Hersiening van onderwerpe gedek gedurende die eerste twee kwartaale.	Handboeke Alle relevante materiaal benodig
2 weke (Week 9-10)		<b>Halfjaar-eksamen</b>	

<b>Kwartaal 2: Formele assessering</b>		
<b>Vorm van assessering</b>	<b>Navorsingsprojek</b>	<b>Halfjaar-eksamen (3 ure)</b>
<b>Punte</b>	<b>50</b>	<b>300</b>
<b>Omgeskakel na %</b>		

*Let wel: Projek - Kwartaal 2*

*Hierdie projek is in Kwartaal 1 gegee. Leerders behoort die projek vir Kwartaal 2 te voltooi en in te lewer. Die inhoud behandel in Kwartaale 1 en 2 behoort hersien te word vir die halfjaar-eksamen.*



**GRAAD 12**

**KWARTAAL 3**

Week/Uur	Onderwerp	Inhoud	Aanbevole hulpbronne
1 week (Week 1)	<b>1.</b> Ekonomiese groei & ontwikkeling	Vergelyking van Suid-Afrikaanse groei- en ontwikkelingsbeleide in terme van internasionale standaarde; beklemtoon die Noord/Suid-verdeling. <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die vraagkant-benadering</li> <li>• Die aanbodkant-benadering</li> <li>• Evaluering van die benaderings gebruik in Suid-Afrika</li> <li>• Die Noord/Suid-verdeling</li> </ul>	Handboeke Spotprente oor groei en ontwikkeling Tydskrifte Koerante Internet
1 week (Week 2)	<b>2.</b> Ekonomiese groei en ontwikkeling: Nywerheidsontwikkelingsbeleide	Suid-Afrika se nywerheidsontwikkelingsbeleide en hul toepaslikheid in terme van internasionale beste praktyk. <ul style="list-style-type: none"> <li>• Nywerheidsontwikkeling</li> <li>• Streeksontwikkeling</li> <li>• Suid-Afrika se strewes</li> <li>• Die toepaslikheid van Suid-Afrikaanse strategieë</li> </ul>	Handboeke Tydskrifte Koerante TV-dekking oor groei en ontwikkeling Plakkate Internet Statistiek: die Departement van Arbeid
1 week (Week 3)	<b>3.</b> Ekonomie: Basiese begrippe & Kwantitatiewe elemente: <i>Ekonomiese- en sosiale prestasie-aanwysers</i>	Ontleding van die Suid-Afrikaanse ekonomiese- en sosiale prestasie-aanwysers en hul gebruike <ul style="list-style-type: none"> <li>• Die prestasie van 'n ekonomie</li> <li>• Ekonomiese aanwysers:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Inflasiekoers</li> <li>- Buitelandse handel</li> <li>- Indiensneming</li> <li>- Produktiwiteit</li> <li>- Rentekoerse</li> <li>- Geldaanbod</li> </ul> </li> <li>• Sosiale aanwysers:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>- Demografie</li> <li>- Gesondheid en voeding</li> <li>- Onderwys</li> <li>- Dienste</li> <li>- Behuising en verstedeliking</li> </ul> </li> <li>• Internasionale vergelykings</li> </ul>	Handboeke Tydskrifte Koerante Spotprente oor inflasie, geldaanbod, onderwys Internet Statistiek: die Departement van Arbeid & Stats SA
1 week (Week 4)	<b>4.</b> Ekonomiese kwessies van die dag: <i>Inflasie</i>	Ontleding en ondersoek van inflasie en die beleide aangewend om dit te bestry. <ul style="list-style-type: none"> <li>• Inflasie</li> <li>• Tipes en kenmerke van inflasie</li> <li>• Oorsake en gevolge van inflasie</li> <li>• Die inflasieprobleem in Suid-Afrika</li> <li>• Maatreëls vir die bestryding van inflasie</li> </ul>	Handboeke Spotprente oor inflasie Tydskrifte Plakkate Koerante

Week/Uur	Onderwerp	Inhoud	Aanbevole hulpbronne
1 week (Week 5)	<b>5.</b> Toerisme & Ekonomiese Regstelling: (Omgewingsvolhoubaarheid)	Debatteer die ekonomiese belangrikheid van toerisme vir Suid-Afrika en stel beleide voor wat dit kan bevorder. Verwys na die belangrikheid van inheemse kennisstelsels. <ul style="list-style-type: none"> <li>Toerisme:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>Redes vir groei</li> <li>Die effek</li> <li>Die voordele</li> <li>Suid-Afrikaanse profiel (inheemse kennisstelsels)</li> <li>Beleidsvoorstelle</li> </ul> </li> </ul>	Handboeke Spotprente oor toerisme Tydskrifte Koerante Plakkate
1 week (Week 6)	<b>6.</b> Basiese ekonomiese probleem: Omgewingsvolhoubaarheid	Ontleding van omgewingsvolhoubaarheid, ondersoek onlangse internasionale ooreenkomste in hierdie verband, bv. Rio de Janeiro en Johannesburg berade. <ul style="list-style-type: none"> <li>Die stand van die omgewing</li> <li>Maatreëls om volhoubaarheid te verseker</li> <li>Belangrike internasionale ooreenkomste (Rio de Janeiro en Johannesburg berade)</li> </ul>	
Moet oor alle onderwerpe versprei word	Ekonomiese kwessies: kwantitatiewe elemente en ander essensies.	Identifikasie, betrokkenheid in en kommunikasie van ekonomiese kwessies van die dag; Kwantitatiewe elemente van Ekonomie en ander noodsaaklikhede. <ul style="list-style-type: none"> <li>Die ekonomiese kwessies van die dag.</li> <li>Kwantitatiewe elemente van Ekonomie:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>Afleiding en toepassing van wiskundige uitdrukkings</li> <li>Berekening en toepassing van koëffisiënte</li> <li>Interpretasie van tabelle en grafieke</li> </ul> </li> <li>Ander vereistes:                             <ul style="list-style-type: none"> <li>Raak betrokke by burgerskap en noodsaaklike lewensvaardighede</li> <li>Deelname aan vakverwante kompetisies en ander praktiese aktiwiteite.</li> </ul> </li> </ul>	Handboeke Tydskrifte Koerante Spotprente oor bevolkings, werkloosheid en migrasie Internet Statistiek: die Departement van Arbeid & Stats SA
2 weke (Week 7-8)	Hersiening	Makro-ekonomie Mikro-ekonomie Ekonomiese strewes Kontemporêre ekonomiese kwessies	Handboeke Alle relevante materiaal nodig vir die voorbereiding vir die eksamen, bv. opsommings, notas, vorige vraestelle, hersieningsoefeninge en/of klastoetse.
2 weke (Week 9-10)	<b>Vorbereidende eksamen</b>		

<b>Kwartaal 3: Formele Assessering</b>			
Vorm van assessering	Gevallestudie	Toets	Vorbereidende eksamen (3 ure)
Puntetotaal	<b>50</b>	<b>100</b>	<b>300</b>
<b>Omgeskakel na %</b>			

*'n Vorbereidende eksamen behoort die totale sillabus te dek en die struktuur van die vraestel moet ooreenstem met die finale eksamenvraestel.*

**GRAAD 12**

**KWARTAAL 4**

Week/Uur	Onderwerp	Inhoud	Aanbevole hulpbronne
4 weke (Week 1-4)	Hersiening en konsolidasie	Makro-ekonomie Mikro-ekonomie Ekonomiese strewes Kontemporêre Ekonomiese kwessies	Vorige vraestelle Handboek-oefeninge Voorbeeldvraestelle Eksamenriglyne Alle relevante materiaal nodig vir eksamenvoorbereiding bv. opsommings, notas, vorige eksamenvraestelle en memorandum, hersieningsoefeninge, klastoetse en kwartaaltoetse
6 weke (Week 5-0)	<b>NSS Jaareind-eksamen</b>		

Kwartaal 4		
Jaarpunt	Jaareindeksamen	Totaal
<b>950</b>	<b>300</b>	<b>1250</b>
<b>Omgeskakel na 100</b>		<b>Omgereken na 400</b>

*Omgeskakelde punte vir Kwartaale 1 tot 3 ingesluit die voorbereidende eksamenpunte, vorm 'n omgeskakelde jaarpunt van 100 (25% van die puntetotaal). Voeg die jaarpunt by die omgeskakelde eksamenpunt van 300 (75% van die punte) wat gelykstaande is aan 400 punte.*

## AFDELING 4

### 4.1 Assessering in Ekonomie

Assessering is 'n deurlopende, beplande proses van identifikasie, versameling en interpretasie van inligting rakende die prestasies van leerders, deur gebruik te maak van verskillende vorme van assessering. Dit behels vier stappe: ontwikkeling en versameling van bewyse van werkverrigting; evalueer hierdie bewyse; rekordering van die bevindinge en gebruik hierdie inligting om begrip te verkry om so die leerder in sy ontwikkeling by te staan sodat daar verbetering in die proses van onderrig en leer sal plaasvind.

Assessering behoort beide informeel (Assessering vir Leer) en formeel (Assessering van Leer) te wees. In beide gevalle behoort gereelde terugvoering aan leerders verskaf te word om die leerondervinding te versterk.

Assessering in Ekonomie fokus op die kennis, vaardighede en waardes inherent aan die aktiwiteite van produksie, verbruik en ruil. Die bestudering en assessering van Ekonomie moet nie slegs noodsaaklike kennis, vaardighede en beginsels verwant aan hoe verskillende organisies hulpbronne gebruik in die bevrediging van hul behoeftes bevat nie, maar behoort ook 'n kritiese bewustheid van die voordele van verantwoordelike en sensitiewe hulpbronaanwending aan te wakker.

Ekonomie dek waardevolle vaardighede soos verantwoordelikheid, toerekenbaarheid, probleemoplossing, analise, interpretasie en besluitneming wat leerders voorberei vir deelname aan en bydra tot oorlewing in 'n komplekse ekonomiese gemeenskap. Onderwysers moet al hierdie vaardighede in ag neem wanneer hulle onderrig-, leer- en assesseringsaktiwiteite beplan.

### 4.2 Informele of daaglikse assessering

Assessering vir Leer het voortdurend ten doel om inligting oor leerders se prestasies te versamel wat gebruik kan word om hul leer te verbeter.

Informele assessering is 'n daaglikse monitering van leerders se vordering. Dit word gedoen deur waarnemings, besprekings, praktiese demonstrasies, leerder-onderwyserkonferensies, informele klaskamerinteraksies, ens. Informele assessering kan so eenvoudig wees soos om gedurende 'n les te stop om leerders dop te hou of om met leerders te bespreek hoe hul leer vorder. Informele assessering behoort gebruik te word om terugvoering aan leerders te verskaf en om inligting te verkry vir die verdere beplanning van onderrig, maar hoef nie opgeteken te word nie. Dit behoort beskou te word as apart van die leeraktiwiteite in die klaskamer. Leerders of onderwysers kan hierdie informele assesseringstake merk.

Selfassessering en portuur-evaluering betrek leerders aktief by assessering. Dis belangrik, omdat dit leerders toelaat om te leer uit en te reflekteer op hul eie prestasie. Die resultate van die informele daaglikse assesseringstake word nie formeel gerekordeer nie, behalwe as die onderwyser dit so verkies. Die resultate van informele daaglikse assesseringstake word nie in berekening gebring vir promosie- en sertifiseringsdoeleindes nie.

### 4.3 Formele assessering

Alle assesseringstake wat deel vorm van 'n formele program van assessering vir die jaar, word beskou as Formele Assessering. Formele assesseringstake word gemerk en formeel opgeteken deur die onderwyser vir progressie en sertifiseringsdoeleindes. Alle Formele Assesseringstake is onderhewig aan moderering met die doel om gehalte te

verseker en om seker te maak dat die betrokke standarde gehandhaaf word.

Formele assessering verskaf aan onderwysers 'n sistematiese manier van evaluering rakende die mate van leerder-progressie in 'n graad en in 'n spesifieke vak. Voorbeelde van formele assessering sluit toetse, eksamens en praktiese take, projekte, mondelinge aanbiedings, demonstrasies, uitvoerings, ens. in. Formele assesseringstake vorm deel van 'n jaarlange formele Program van Assessering in elke graad en vak.

Die Program van Assessering vir Ekonomie in graad 10 en 11 bestaan uit sewe take wat intern geassesseer word. Van die sewe take, word ses take gedurende die skooljaar voltooi, wat 25% van die totale punt vir Ekonomie vorm, terwyl die jaareind-eksamen die sewende taak vorm en die oorblywende 75% dek.

In graad 12 bestaan die assessering uit twee komponente: 'n Program van Assessering wat 25% van die totale punt vir Ekonomie vorm, en 'n eksterne eksamen wat die oorblywende 75% vorm. Die Program van Assessering vir Ekonomie bestaan uit sewe take wat intern geassesseer word. Die eksterne eksamen word ekstern opgestel en gemodereer.

Die vorme van assessering gebruik behoort toepaslik te wees vir die ouderdom en ontwikkelingsvlak van leerders. Die ontwerp van hierdie take behoort die inhoud van die vak te dek en sluit 'n verskeidenheid take in wat daargestel is om die doelwitte van die vak te bereik.

Formele assessering behoort voorsiening te maak vir 'n verskeidenheid kognitiewe vlakke en vermoëns van leerders soos hieronder aangedui:

**Tabel 1**

Kognitiewe vlakke	Aktiwiteit	Persentasie van taak
Kennis en Begrip Vlakke 1 en 2	Basiese denkvaardighede (bv. feitekennis oproep, laevlaktoepassing en laevlakbegrip)	30%
Toepassing en Ontleding Vlakke 3 en 4	Middelorde-denkvaardighede (bv. meer gevorderde toepassing, interpretasie, interpretasie en laevlak-analise)	40%
Sintese en evaluering Vlakke 5 en 6	Hoëorde-denkvaardighede (bv. verbind vaardighede soos gevorderde analitiese vaardighede, sintese en evaluering).	30%

#### 4.4 Assesseringsprogram

Die Assesseringsprogram is ontwerp om die formele assesseringstake in al die vakke in 'n skool regdeur die kwartaal te versprei. Die vereistes (aantal en aard van take) vir Ekonomie word hieronder aangedui:

Die Program vir Assessering in Graad 10

	Kwartaal 1		Kwartaal 2		Kwartaal 3			Kwartaal 4	
Assessering	Werkopdrag	Toets	Projek	Halfjaar-eksamen	Gevallestudie	Toets	Jaarpunt	Finale eksamen	Totaal
Totale punte	50	100	50	200	50	100	550	300	
Omgereken na 'n punt uit:							$550 \div 5.5 = 100$	300	400

Die Program van Assessering in Graad 11

	Kwartaal 1		Kwartaal 2		Kwartaal 3			Kwartaal 4	
Assessering	Werkopdrag	Toets	Projek	Halfjaar-eksamen	Gevallestudie	Toets	Jaarpunt	Finale eksamen	Totaal
Totale punte	50	100	50	300	50	100	650	300	
Omgeskakel na 'n punt uit:							$650 \div 6.5 = 100$	300	400

Die Program van Assessering in Graad 12

	Kwartaal 1		Kwartaal 2		Kwartaal 3			Kwartaal 4		
Assessering	Werkopdrag	Toets	Projek	Halfjaar-eksamen	Gevallestudie	Toets	Voorbereidende eksamen	Jaarpunt	Finale eksamen	Totaal
Totale punte	50	100	50	300	50	100	300	$950 \div 9.5$	300	
Omgeskakel na 'n punt uit:								100	300	400

##### 4.4.1 Ander vorme van assessering

###### Projek

'n Projek in elke graad is verpligtend. Slegs een projek per jaar is verpligtend per graad. Wanneer 'n projek voorberei word, moet die volgende minimum vereistes oorweeg word:

- Leerders behoort die nodige leiding gegee te word voor die aanvang van die projek en vordering moet

gemonitor word.

- Alle kriteria gebruik om die projek te assesser, moet met die leerders bespreek word voordat hulle met die projek begin.
- Oor die algemeen, word 'n langer tydperk aan projekte gegee aangesien dit 'n mate van navorsing vereis, asook konsolidasie en kies tussen relevante inligting en voorbereiding van 'n geskrewe dokument as bewys.
- Projekte werk gewoonlik goed as dit gestruktureer word rondom een of ander probleem.
- Navorsing vorm dikwels deel van die projek – die projek is die bewys dat die navorsing uitgevoer is. Somtyds behels projekte die ontwikkeling van vaardighede.
- Die doel met 'n navorsingstaak/projek is die ontwikkeling van navorsing, kritiese denke en probleem-oplossingsvaardighede van leerders.

Dit is ideaal om projekte aan leerders te gee teen die einde van 'n sekere kwartaal, bv. eerste kwartaal vir inlewering gedurende die volgende (2de) kwartaal.

### **Aanbieding**

- Aanbiedings kan geskryf of mondeling wees, maar daar moet leerderbewyse van die aanbieding wees. Alle kriteria gebruik om die aanbieding te assesser, moet met die leerders voor die aanvang van die aanbieding bespreek word.
- Die gebruik van rekenaars by die aanbieding, moet aangemoedig word, waar die hulpbronne beskikbaar is.

### **Gevallestudie**

- Gevallestudies is 'n baie goeie manier om die vak op datum en relevant te hou.
- Leerders word gekonfronteer met 'n werklike lewensituasie, 'n probleem of insident verwant aan die onderwerp.
- Daar word van hulle verwag om 'n sekere rol aan te neem om die posisie daarvan te verwoord.
- Hulle moet staatmaak op hul eie ondervinding, die ondervinding van die portuurgroep of voorkennis om te interpreteer, te analiseer die probleem of groepprobleme, op te los.
- Koerantartikels, tydskrifartikels, TV-of radio-aanbiedings vorm puik gevallestudies.
- Leerders moet kan lees of luister, inligting verwerk en daarna in staat wees om ingeligte besluite te neem.
- Vrae kan van 'n lae orde wees – direkte aanhalings uit die artikel – tot hoë orde wanneer daar van hulle verwag word om menings te analiseer en moontlike voorstelle te maak.

### **Verslag**

'n Verslag is oor die algemeen 'n geskrewe bewys van 'n steekproef, analise of ondersoek. Gewoonlik neem dit korter as 'n projek en is meer spesifiek tot die onderwerp, bv. die besigheid nader jou vir advies oor hul likiditeit. Dit impliseer dikwels konsultasie met 'n spesialis vir advies oor 'n sekere probleem – daarom word die baie goed verbind met probleemoplossing.

## Toetse

Twee toetse, geskryf onder gekontroleerde toestande, word voorgeskryf vir graad 10-12. Hierdie toetse behoort aan die volgende te voldoen:

- Dit behoort voltooi te word deur alle klasse in dieselfde graad op dieselfde dag.
- Alle leerders skryf dieselfde toets, wat voltooi moet word onder eksamentoestande.
- Vrae moet ooreenstem met jaareindeksamen-standaarde.
- Waar daar meer as een onderwyser is, moet ooreenstemming bereik word rakende die omvang, datum en tyd van die toets.
- Die tydsduur van elk van hierdie toetse behoort ten minste een uur vir 'n 100 punte te wees.
- Toetse behoort die verskillende kognitiewe vlakke, soos in eksamens, te dek. Sien die tabel oor kognitiewe vlakke onder 'Eksamens' in die afdeling wat volg.
- Toetse behoort probleemoplossing-vrae in te sluit.
- Toetse behoort 'n verskeidenheid geïntegreerde onderwerpe te dek, soos bepaal deur die werkskedule en assesseringsplan.
- Die twee toetse behoort in kwartaal 1 en 3 geskryf te word.

### 4.4.2 Eksamens

**Die volgende riglyne behoort oorweeg te word wanneer eksamens opgestel word:**

- *Inhoud*

Inhoud spesifiek vir die graad gestipuleer	100%
--	------

- *Kognitiewe vlakke*

Basiese denkvaardighede (bv. feite oproep, laevlaktoepassing en laevlakbegrip)	30%
Middelorde-denkvaardighede (bv. meer gevorderde toepassing, interpretasie en laevlak-analise)	40%
Hoë-orde-denkvaardighede (bv. gevorderde analitiese vaardighede, sintese en evaluering)	30%

- *Probleemoplossing*

Ongeveer 10% van alle eksamens behoort probleemoplossing-vrae aan te spreek deur die gebruik van kritiese en kreatiewe denke. Dit sluit die oplos van werklike lewensprobleme binne die konteks van die Ekonomie-kurrikulum in.

Probleemoplossing-vrae behoort 'n verskeidenheid kognitiewe vaardighede (laer, middel en hoër orde) te dek om voorsiening te maak vir alle leerders, maar binne die konteks van die leerinhoud.

Terwyl verhouding en analise baie interessante probleemoplossing-vrae vorm, gaan die onderwerp veel verder en behoort geïntegreer te word in alle aspekte van die kurrikulum, sodat leerders hul vaardighede so ontwikkel dat hulle hul kennis kan toepas.



**Halfjaar-eksamens**

Hieronder verskyn 'n oorsig van die struktuur van die halfjaar-eksamen in elk van die grade:

Graad	Vraestel	Tyd	Punte	Onderwerpe
Graad 10	2	1 uur	100	Vraestel 1: Makro-ekonomie Vraestel 2: Mikro-ekonomie
Graad 11	2	1½ uur	150	
Graad 12	2	1½ uur	150	

Eksamenvraestel 1 & 2	Afdeling A	Afdeling B	Afdeling C	Totaal
Graad 10	Verpligtend 20 punte	1 van 2 vrae 40 punte	1 van 2 vrae 40 punte	100 punte per vraestel

**Vorbereidende eksamen (Graad 12 alleenlik)**

'n Vorbereidende eksamen is een van die sewe take in die program van assessering vir graad 12. Dis die ideaal dat die voorbereidende eksamen die volle werklading van die graad 12-kurrikulum dek en behoort 'n model van die finale graad 12 eksamen te wees. Hieronder volg 'n oorsig van die struktuur van die voorbereidende eksamen:

	Vraestel	Tyd	Punte	Makro-ekonomie & Ekonomiese strewes	Mikro-ekonomie & Kontemporêre Ekonomiese Kwessies
Graad 12	2	1½ uur	150	25 % & 25 %	25 % & 25 %

**Jaareind-eksamens**

Alle grade in die VOO-fase behoort 2 x 1½-uur eksamenvraestelle van 150 punte elk as 'n finale eksamen te skryf.

Die volgende is 'n oorsig van hoe die onderwerpe gedek behoort te word in die jaareind-eksamens

	Vraestel	Tyd	Punte	Makro-ekonomie & Ekonomiese strewes	Mikro-ekonomie & Kontemporêre Ekonomiese Kwessies
Graad 10-12	2	1½ uur	150	25 % & 25 %	25 % & 25 %

**4.5 Optekening en rapportering**

Optekening is 'n proses waar die onderwyser die vlak van prestasie van elke leerder dokumenteer vir 'n spesifieke assesseringstaak. Dit toon die leerder se vordering tot die bereiking van die kennis soos voorgeskryf in die Kurrikulum en Assesseringsbeleidverklarings. Rekords van leerderprestasie behoort bewyse te verskaf van die leerder se konseptuele progressie in 'n graad en sy/haar gereedheid om bevorder te word tot die volgende graad. Rekords van leerderprestasie behoort ook gebruik te word om die vordering wat deur onderwysers en leerders in die onderrig en leerproses gemaak is, te verifieer.

Rapportering is 'n proses van kommunikasie van 'n leerder se prestasie aan leerders, ouers, skole en ander belanghebbendes. Leerderprestasie kan op 'n verskeidenheid wyses gerapporteer word. Hierby ingesluit is rapporte, ouervergaderings, skoolbesoek-dae, ouer-onderwyserkonferensies, foonoproepe, briewe, klas- of skool nuusbriewe, ens. Onderwysers in alle grade rapporteer in persentasies teenoor die vak. Sewe vlakke van bevoegdheid is beskryf vir elke vak genoeg vir graad R-12. Die verskillende prestasievlakke en hul ooreenstemmende persentasiebeskrywings word in die Tabel hieronder getoon.

**Kodes en Persentasies vir Rekordering en Rapportering**

Prestasievlak	Prestasievlakbeskrywing	Punte
7	Uitstaande prestasie	80 - 100
6	Verdienselike prestasie	70 - 79
5	Beduidende prestasie	60 - 69
4	Voldoende prestasie	50 - 59
3	Matige prestasie	40 - 49
2	Basiese prestasie	30 - 39
1	Ontoereikende prestasie	0 - 29

Let wel: Die sewepunt-skaal behoort duidelike beskrywingspunte te verskaf wat detail-inligting vir elke vlak gee.

Onderwysers sal die werklike punte teenoor die taak opteken deur gebruik te maak van 'n rekordkaart; en persentasies teenoor die vak op die leerder se rapport te rapporteer.

**4.6 Moderering van Assessering**

Moderering verwys na die proses wat verseker dat die assesseringstake regverdig, geldig en betroubaar is. Moderering behoort geïmplementeer te word op skool-, distriks-, provinsiale- en nasionale vlakke. Omvattende en toepaslike modereringpraktyke moet in plek wees vir gehalteversekering in alle vakassesserings.

Alle graad 10- en 11-take word intern gemodereer, terwyl graad 12-take ekstern gemodereer word. Die vakhoof van Ekonomie of Hoof van die Departement vir Ekonomiese- en Bestuurswetenskaplike vakke by die skool sal oor die algemeen hierdie proses bestuur.

**4.6.1 Formele Assessering (SGA)**

Alle graad 12- en 11-take word intern gemodereer, terwyl graad 12-take ekstern gemodereer behoort te word. Die vakhoof vir Ekonomie of Hoof van die Departement vir Ekonomiese- en Bestuurswetenskaplike vakke by die skool sal oor die algemeen hierdie proses bestuur.

## 4.7 Aanhangsel

### EKONOMIE GRAAD 12 NSS-EKSAMENRIGLYNE

#### DIE NUWE STRUKTUUR VAN DIE EKONOMIE-VRAESTEL IS AS VOLG:

Die Ekonomie-eksamen bestaan uit TWEE 1½ uur vraestelle van 150 punte elk.

Elk van hierdie TWEE eksamenvraestelle bestaan uit SES vrae verdeel in drie afdelings. Vraag 1 is VERPLIGTEND en uit die ander VYF vrae moet DRIE beantwoord word. Die detail-vereistes vir elke afdeling word hieronder aangedui.

#### AFDELING A (VERPLIGTEND)

##### Vraag 1:

1.1	Meervoudigekeuse-items:	8 x 2 [16]
1.2	Positems:	8 x 1 [8]
1.3	Waar/Onwaar/Vul die ontbrekende woord in:	6 x 1 [6]
<b><u>TOTAAL:</u></b>		<b>[30]</b>

#### AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.

#### **VRAAG 2 - 4**

Een vraag per spesifieke module/hoofstuk word gevra. Alle vrae volg 'n soortgelyke formaat.

##### Byvoorbeeld: **Vraag 2**

2.1	Noem enige TWEE ...	2 X 2 [4]
2.2	Data-respons: Uittreksels; Statistiek; Tabelle; Grafieke; Spotprente	2 X 10 [20]
2.3	Vergelyk, Kontrasteer, Teken, Oplossing; Onderskei; Differensieer, Verduidelik	2 X 8 [16]
<b><u>Totaal:</u></b>		<b>[40] X 2 = 80</b>

#### AFDELING C

Beantwoord enige EEN vraag uit hierdie afdeling.

#### **VRAAG 5 & 6**

Kan insluit: **Opstel-antwoorde** en **nieopstel-antwoorde** bv. Verslae/Notules/Memo's/Formele briewe

Een vraag uit elke ONDERWERP:

Elke vraag tel 40 punte, toegeken soos volg:

- Formaat - 5 punte
- Inhoud - 30 punte
- Interpretasie van vraag - 5 punte (Soos per Asseseringsruit)

**Elke substantiewe feit onder die Inhoud sal 2 punte tel.**

**Totaal: 1 X 40 [40]**

**GROOTTOTAAL SOOS PER VRAESTEL:**

**[150]**

#### **4.8 Algemeen**

Hierdie dokument moet in samehang met die volgende saamgelees word:

**4.8.1** Die *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes vir die Nasionale Kurrikulumbeleid Graad R-12; en*

**4.8.2** Die beleidsdokument, *Nasionale Protokol vir Assesering Graad R-12*







